

Dekking vir kankerbehandeling



medihelp

12⁺
JAAR

Medihelp bied ondersteuning vir kankerbehandeling in samewerking met die Independent Clinical Oncology Network (Icon) om te verseker dat jy die beste sorg ontvang.

Hoe om toegang tot kankervoordele te kry

STAP
01

As jy met kanker gediagnoseer word, moet jy eerstens vir Medihelp se Kankerprogram registreer en magtiging vir behandeling kry. Skakel Medihelp by 086 0100 678 of e-pos oncology@medihelp.co.za om te registreer.

STAP
02

Soek 'n onkoloog op Icon se webwerf by www.iconsa.co.za of op Medihelp se webwerf by [www.medihelp.co.za/Kontak/Soek 'n verskaffer](http://www.medihelp.co.za/Kontak/Soek'n-verskaffer) en maak 'n afspraak.

STAP
03

Die Icon-onkoloog sal die nodige vorms invul en reëlings tref.

STAP
04

Jy of die onkoloog kan die voltooide vorm vir kankerbehandeling na oncology@medihelp.co.za e-pos.

Behandelingstipes en-protokolle

Sodra jou Icon-onkoloog jou behandelingsvorm indien, sal Medihelp vir jou 'n behandelingskediule stuur met jou goedgekeurde behandelingsplan.

Voordele word vir die volgende behandelings toegestaan wat ook in kombinasie ontvang kan word:

- Chemoterapie, beide binnearse en mondelikse behandelings
- Bestraling
- Bragiterapie
- Chirurgie
- Medisyne
- Beenmurg- en stamseloortplantings (Slegs VMV)

Onthou asseblief om enige veranderinge aan jou behandeling of bykomende behandeling by Medihelp in te dien vir goedkeuring.

Kankervoordele

Die volgende oorhoofse limiete sal geld per plan per gesin per jaar vir onkologiebehandeling binne en buite die hospitaal.

MedPlus: R682 500

MedElite: R504 000

MedPrime en MedPrime Elect: R336 000

MedSaver: R288 700

MedAdd en MedAdd Elect: R273 000

MedReach: R273 000

MedVital en MedVital Elect: R262 500

MedMove! en MedMove! Student: Slegs vir VMV-gevalle volgens goedgekeurde behandelingsplan

Vir VMV-kankerbehandeling sal dienste en behandeling binne en buite die hospitaal, insluitend konsultasies en endoskopiese prosedures as deel van kankerbestuur, patologie en radiologie teen 100% van die koste gedek word, onderhewig aan VMV-wetgewing, skemareëls, tariewe en protokolle.

Vir nie-VMV-kankerbehandeling is hospitaalkoste en verwante kankerbehandeling en dienste soos konsultasies, endoskopiese prosedures as deel van kankerbestuur, patologie en radiologie onderhewig aan skemareëls, protokolle en die beskikbare voordele per plan.

Nadat voordele uitgeput is, sal VMV-kankerbehandeling steeds 100% befonds word, onderhewig aan VMV-wetgewing, protokolle en skemareëls. Wanneer kankerbehandeling nie as VMV kwalifiseer nie, is behandeling onderhewig aan 'n goedgekeurde behandelingsplan en word dit befonds volgens die betrokke behandelingsvlak tot en met 80% van nie-VMV-behandelingskoste..

Kankermedisyne

Kankermedisyne kwalifiseer vir voordele soos volgens jou goedgekeurde behandelingsplan en die Medihelp-onkologieverwysingsprys (MOVP).

Só kan jy bybetalings vermy:

- Gebruik 'n Icon-onkoloog.
- Gebruik medisyne op die MOVP-lis.
- Maak seker jou behandelingsplan stem ooreen met die Icon-protokolle soos van toepassing op die betrokke plan.
- Kry jou medisyne by Dis-Chem Oncology of Medipost (netwerkplanne).
- Bly getrou aan jou goedgekeurde behandelingsplan.

Netwerkplanne

(MedMove!, MedVital Elect, MedAdd Elect, MedElect en MedPrime Elect)

Medihelp se aangewese diensverskaffers vir kankermedisyne is Dis-Chem Oncology en Medipost.

Kontakbesonderhede

Dis-Chem Oncology

010 003 8948

oncology@dischem.co.za

Medipost

012 404 4430

oncology@medipost.co.za